

11 Maart

**Skrifgedeelte: Matteus 26:17-29 (NAV)**

**Fokusgedeelte: Matteus 26:26-29**

### **Nagmaal**

Jesus het aan die kruis gesterf. Die ou simbool van paasfees vertel van die Lam wat geslag moet word. In plaas van die Paaslam, kom nou brood en wyn. Die twee tekens vertel en verseker dat die laaste en finale bloedige offer vir ons sondes aan die kruis geoffer is (Heb 9:25,26).

Jesus, die Brood wat lewe gee, is net so onmisbaar vir die nuwe lewe as wat ons kos nodig het vir ons alledaagse lewe (Joh 6:35-40). Wyn is in die Bybel simbool van lewensvreugde (Ps 104:15; Jes 55:1; Sag 10:7). Sonder Jesus kan ons geen blywende vreugde ervaar nie (Jud 1:24,25).

Die ryk betekenis van die nagmaal strek nog veel verder. Omdat ons die brood en wyn inneem, word dit deel van ons liggaam. Wie kan ooit hierdie intieme eenheid tussen ons en Jesus begryp? Ons is in Hom en Hy is in ons (Joh 15:5). Die Bybel sê hierdie eenheid is so intiem dat ons "saam met Hom in sy dood begrawe" is. Ons is ook saam met Hom opgewek om 'n nuwe lewe "in Christus" te lei (Rom 6:4-14). Almal wat deel in hierdie eenheid met Jesus word verder in liefde saamgebind tot 'n hegte eenheid (1 Kor 10:17).

Pasop dat nagmaal nie blote gewoonte word nie. Beleef met dankbaarheid die ryke simboliek. Dit vertel ons telkens van die grootse genade van God én van jou verantwoordelikheid.

*Sing: Skrifberyming 8:1,2*

*Ds APC Duvenage (Emeritus)*